# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 15 MAART 2026

# VIERDE SONDAG IN LYDENSTYD

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Mense wat sukkel met middelafhanklikheid***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Esegiël 37:1-14; Psalm 130;**
**Romeine 8:6-11; Johannes 11:1-45**

| SONDAG, 15 MAART |
|---|
| 09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Ramot<br>Erediensspan 1 – Lorraine Louw<br><br>**Na afloop van die oggenddiens**<br>• Gemeentetee<br>• **GEEN** Kleuter- en Kinderkerk<br>• **GEEN** Senior Kategese<br><br>• 09:00 Avalon Buitelugdiens |
| **MAANDAG, 16 MAART** |
| 18:00 Kooroefening<br>19:00 Sportmanne Bybelstudie<br>19:00 Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 17 MAART** |
| 09:30 Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 18 MAART** |
| 09:30 Vroue Bybelstudie |
| **DONDERDAG, 19 MAART** |
| **Sopbeurte**: Rosa Brand, Marita Pienaar, Hannelie Viljoen, Wilma Steer,<br>René Arendse, Marietjie Basson |
| **VRYDAG, 20 MAART** |
| |

| SATERDAG, 21 MAART | |
|---|---|
| | **MENSEREGTEDAG** |
| **SONDAG, 22 MAART** | |
| | VYFDE SONDAG IN LYDENSTYD |
| 09:00 | Oggenddiens – ds Chris Barando Afskeid<br>Deuroffer ten bate van: Alta du Toitskool<br>Erediensspan 2 – Heidi Jonas |
| | **Na afloop van die oggenddiens**<br>• Gemeentetee<br>• **GEEN** Kleuter- en Kinderkerk<br>• **GEEN** Senior Kategese |

# GEMEENTENUUS

1. Jaco en Louisa Blomerus (Bloemkolkstraat) se seun, Wessel, trou Saterdag met Jana Olivier. Wessel is die kleinseun van AC en Lida Visser.
2. Susie Engelbrecht (Othello) het 'n draai in die hospitaal gemaak.
3. Ons dink aan Maryna Oosthuizen (Othello) wat haar seun verloor het.
4. Banie Steyn (Klaradyn) het 'n operasie ondergaan en sterk tuis aan.
5. Ronel Triegaardt (Koistraat) ondergaan op die 20ste Maart 'n operasie.



# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



15/03 Janno Jonas, Johann Groenewald, Elise van Wyk, Divan de Koker
16/03 Nadia de Koker, Isabel du Plooy(89), Natasha Scott, Li-Ann Fourie, Kari van der Merwe, Wilma Fourie, Sheilla van Graan, Xia du Toit, Petro Janse van Vuuren
17/03 Marianne de Klerk, Josh Robertson, Monica Freysen(94), Zoë Coetzee, Sandra Clausen, Kristin Grobbelaar
18/03 Karien Crouse, Liza Jonker, Lizandri Jonker
19/03 Fritz van Wyk(88), Xandri Westenberg
20/03 Sarie Terblanche(80), Marianne Brink, Annette Deyzel, Rina Cronje, Jean Vlok
21/03 Karl-Wilhelm Schwenke, Wessel Labuschagne, Anrich de Bod, Ada Serfontein(81)

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Tydens die kerkraadsvergadering van 11 Maart 2026 is die volgende lidmate tot blokleiers verkies: Bennie du Plessis, Sias Koen, Handré Lategan, Hein Jonas, Vissie Vermaak, Ettienne Buhr, Aldert Cuperus, Maria Holswilder

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## Ramot

Ramot is ’n behandelingsentrum vir alkohol- en ander middel afhanklikheid en bestaan reeds vir 56 jaar. Gedurende hierdie tyd het meer as 200 000 mense met ’n afhanklikheidsprobleem direk of indirek hulp ontvang. Alkohol bly steeds die grootste probleem. Afhanklikheid (verslawing) beteken om oorgegee te wees aan ’n mag buite jouself met rampspoedige gevolge. Die persoon het geen hoop nie, en ervaar om verstaanbare redes nie welkom in die samelewing nie. Families is skaam vir die persoon en die wêreld verwerp hulle grootliks. Maar mag ons as Christene dieselfde doen? Help ons asseblief om Christus se hande en voete te wees vir die afhanklike. Elke pasiënt ontvang intensiewe persoonlike aandag. Die kerk kan trots wees op Ramot. Bid asseblief vir genade en wysheid om meer mense te help teen bekostigbare pryse. Ramot se leuse is dan ook: “ *’n Nuwe lewe, ’n Nuwe begin*”.

021 939 2033 | admin@ramot.co.za
Webwerf: https://www.ramot.org.za

# KOSMANDJIE

Hartlike dankie aan elkeen se bydraes tot hierdie projek. Dit is ons gemeente se kans om anoniem by te dra vir diegene in ons gemeente met wie dit nie aldag so voorspoedig gaan nie. Geldelike donasies is ook welkom.

Die volgende produkte is laag vir hierdie maand :

- koffie
- kitspoedings
- blikkies ertjies, groente
- tamatiesous, blatjang
- tandepasta
- opwasmiddel
- soppoeier
- blikkies tamaties
- blikkies tuna
- sjampoe
- waspoeier



U is welkom om hierby by te dra. Weereens baie dankie aan elkeen.
Mandjie groete

# AKSIE SAMARITAAN

## Aksie Samaritaan Paasfees 2026

Om hierdie Paasfees ook vir ons kliënte 'n feestelike viering van liefde en hoop te maak, want Jesus leef, benodig ons hulp met die volgende asb:

33 pakke hot cross buns; 120 sjokolade melkies; 25kg hake fillette en 5kg donker bak-sjokolade
25kg bees/wild potjie-vleis; 10kg rys; 2x7kg aartappels; 2x2kg uie; 120x300ml koeldrankies; 8kg jelly beans; 5kg speckled eggs en 15 bokse marshmallow paaseiers.



Kontant donasies is ook welkom!

As jy wil bydra, kontak vir Jakkie by 0824533862 vir meer besonderhede. As jy eft gebruik asb die verwysing "Paasfees". Baie dankie

# #IMAGINE




Ons nooi julle met groot opgewondenheid uit na die #Imagine Ervarings naweek. 'n Besondere geloofsreis waar jongmense en volwassenes saam ontdek wat dit beteken om Jesus met oorgawe te volg.

Is jy tussen 13 en 18 jaar oud? Of wil jy as volwassene saam met jongmense 'n kosbare ervaring hê? Dan is hierdie naweek vir jou!

#Imagine is nie net nóg 'n kamp nie. Dit is 'n dinamiese geloofservaring waar jy:

God op 'n vars manier kan ontmoet. Saam met ander jongmense kan aanbid. Nuwe vriendskappe kan bou. Kan ontdek wie jy in Christus is. Kom beleef inspirerende aanbidding, relevante boodskappe, klein groep-gesprekke en 'n gemeenskap van jongmense wat saam droom oor God se toekoms.

**Plek:** Bredasdorp (Bredasdorp Nampo Park)

**Datums en Tye**: **Registrasie open**: Saterdag, 28 Maart 2026 om 08:00
Program begin: 16:00

**Program eindig**: Maandag, 30 Maart om 12:00

**Koste**: R780-00

Moenie hierdie geleentheid misloop nie. Kom Imagine saam met ons wat God in en deur jou kan doen!

Gaan laai gerus die vorms af by:
https://drive.google.com/drive/folders/1noQCIUYXNUiHEaCGERFkUxhz4d2bg6tC

Vul dit in en gee dit af by die kerkkantoor.

**Bankbesonderhede vir kampgelde:**
Rekeningnaam: NG Kerk Kuilsrivier-De Eike
ABSA BANK- takkode 632005
Rekeningnommer: 3010590069
**Verwysing:** *kind se naam* + *Imagine*
E-pos betalingsbewys na info@ngkeike.co.za

# PREEKSKETS - SONDAG

## Tema: Waaroor gaan hierdie verhaal?



**Prediker:** Ds Adriaan Vogel

**Skrifgedeelte: 1 Kon 18:20-39 (2020 vertaling)**

Ek is bekommerd oor die wêreld. Nie net oor die verhale van oorlog en korrupsie wat die nuus so gereeld met ons deel nie, maar oor die "louwarm" geloof waarvoor Openbaring 3:16 ons waarsku.

Dit is nie mense ver van ons nie, maar mense wat saam met ons werk, ons vriende en ons familie. Daarom raak ons nie kwaad nie, maar bekommerd en bid dat hulle weer hulle pad sal vind na God.

Hoe moet ons hieroor voel? Wat kan vandag se verhaal ons hieroor leer?

**Teksagtergrond**
Hierdie week sluit ons aan by 'n volk wat leef in die beloofde land wat God vir hulle gegee het, maar nie meer so toegewyd leef nie. Inteendeel, die afgodsdiens van Baäl en Asjera het begin oorneem danksy Agab en Isebel.
In hierdie tyd heers daar 'n lang droogte oor die land. Die koning is moedeloos en woedend maar daar is geen oplossing nie. Dan stuur God vir Elia na hom om reën aan te kondig. Voordat dit kan gebeur is daar egter 'n paar voorwaardes. Offers moet voorberei word maar die ware God moet dit self aansteek. Wie sal dit wees, God of Baäl?

**Teks:** 1 Konings 18:20-39

**Iets klop nie**
In vers 21 daag Elia die volk uit met die woorde: "Hoe lank gaan julle nog op twee krukke hink?" Hulle wil God volg maar eintlik ook hulle brood aan albei kante gebotter hê.

- Hink mense steeds vandag tussen hulle geloof en hulle gemak?

**Die oorverdowende stilte**
Die profete van Baäl berei hulle offer voor en wag vir 'n antwoord. Van oggend tot middag roep hulle en raak al hoe meer desperaat. Elia spot selfs met hulle maar niks gebeur nie.

- Wat doen mense as dit wat vir hulle gemak en betekenis gebring het, nou nie meer werk nie?

**Elia bring 'n offer**
Elia bly rustig wanneer dit sy beurt is. Hy raak nie paniekerig omdat Baäl nie antwoord nie. Hy herbou eers die altaar. Daarna beveel hy dat water daaroor gegooi moet word sodat daar geen twyfel kan wees nie. Hy gebruik twaalf klippe, soveel soos die seuns van Jakob, om hulle te herinner dat dit dieselfde God is wat nog altyd by hulle was en vandag ook.

**Die gebed**
Elia bid nie 'n indrukwekkende lang gebed nie. Dit is 'n kort eenvoudige gebed wat iets besonders bekend maak. Hierdie hele gebeurtenis was nooit bedoel om Baäl te oorwin nie.

**Waaroor gaan hierdie verhaal**
Oor 'n God wat verdwaalde mense nie verwerp nie, maar bly terugroep.